

Donderdag 11 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 63

Fokusgedeelte: Psalm 63:3-6 (AFR53)

Net God self in sy krag en heerlikheid bevredig ons diepste verlange en begeertes

Dawid is in die woestyn, in 'n dor en uitgedroogde land. Dit is egter nie die ergste nie. In vers 10 lees ons dat daar mense is wat sy lewe wil verwoes. Dit is 'n sterk woord – verwoes. Waar is daar dan vir Dawid ware bevrediging en ware rus en versadiging, nie net vir sy siel nie, maar ook vir sy vlees (vs 2)?

Ware bevrediging is daar net by die Here self. Dit is waarna Dawid ten diepste verlang – na die Here. Hy dink terug aan die tempel en dan veral aan die *Here se sterkte* en die *Here se heerlikheid* (vs 3). Die Here se heerlikheid is die Here se glansryke majesteit, sy grootheid, sy eer. Die Here se heerlikheid is die saamtrepunt van die Here se volkomenhede. Ons aanskou die Here se heerlikheid veral in Jesus Christus – Johannes 1:14.

Dawid word ook met die beste versadig as Hy die Here se sterkte onthou. Die *Here se krag, sy sterkte*, dit besef ons in die skepping van die hele aarde, maar ook in gedeeltes soos Eksodus 15:2. Daar het die Here in sy krag die Egiptenare in die Rooisee laat omkom. Hierteenoor, ook in sy krag, het Hy sy volk Israel op droë grond deur die Rooisee heen gered. Die Here se krag gaan dus oor *sy oordeel en sy redding*. (Besonders is dit dan ook as ons lees in Eksodus 14:17-18 dat hierdie geskiedenis van die Here se oordeel en redding deur die Rooisee heen, ook veral gaan oor die Here se heerlikheid.) God se krag het egter nie hier opgehou nie. In Christus sien ons God se krag, toe Hy Hom uit die dode uit opgewek het (Ef. 1:19-21). Daardie selfde krag werk ook in die gelowiges sodat hulle kan glo.

God se krag en God se heerlikheid sien ons in die oordeel en die verlossing wat bymekaar kom in Jesus Christus aan die kruis. Dit is vir die gelowige die beste voedsel wat hy kan ontvang. Die vet en vettigheid van Psalm 63:6 dui op die beste voedsel. God se krag en heerlikheid is dag na dag steeds vir ons 'n toevlugting en 'n versadiging teen ons vyande van elke dag.

Word jy versadig in die Here se krag en heerlikheid, en dus met die beste voedsel wat daar is? Of word jy versadig met ander voedsel wat nie kan versadig nie?

Sing: Psalm 93-1:1, 4

Ds. R Boersema (Reinhard) (Vryburg)